
# 488 Waar tye wissel, troue Vader



Ver bo ons waarde of gebede
skenk U aan ons u guns, o Heer;
selfs waar die sondeskuld vermeerder,
maak U ook die genade meer!
Oorvloedig is U in u liefde
en groot is u geregtigheid;
U vul ons diepste hartsbehoefte,
en dra ons deur die aardse stryd.

Verbly ook hierdie jaar ons harte
as blydskap vir ons heilsaam is.
Beskik U vir ons kruis en smarte,
Heer, heilig ons deur droefenis.
Laat ons nie jaag na aardse skatte
wat met die tyd so gou vergaan;
stel sielerykdom ons voor oë
wat onverderflik bly bestaan.

Ons meet die tyd aan ons standaarde
tot in die fynste toe sekuur
leer ons besef die tyd se waarde,
die rykdom van ‘n enkel uur.
Laat doen ons, Heiland, goeie werke,
die werk deur God vir ons berei;
die werk van dankbare verlostes
dis werke wat sal staande bly!

Christian G. Göz (1746-1803) Straatsburg (1565) / Genéve (1551)